

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## PESAG VERSUS EASTER: WAT DOEN DIE KERK?

**N**ota: In hierdie artikel word die ware Name van die Vader en Messias (Die Gesalfde Een) gebruik, naamlik:

- ❖ **YHVH** (die HERE; In Hebreeus יהוה en getranslitereer as YHVH en uitgespreek as Yahuah), en
- ❖ **Yeshua Messias** (Jesus Christus).

Aansluitend by die artikel waar die Paasfees (*Easter*) misleiding bespreek word<sup>1</sup>, wil ek die volgende stelling waag: Dit wil voorkom of die wêreld die waarheid weet dat Pesag (Paasfees) en *Easter* nie dieselfde fees is nie, terwyl die meerderheid Christene onkundig hieroor is, of nie hierdie waarheid wil hoor nie!!

Laat my toe om hierdie stelling te verduidelik. Neem enige gesaghebbende ensiklopedie, of doen 'n internet soektog, oor die oorsprong van *Easter* en jy sal 'n verduideliking vind dat die oorsprong van *Easter* 'n afgodsfees is wat met vrugbaarheid en nuwe lewe te doen het. Die wêreld weet dus die waarheid aangaande *Easter*, maar dit kan ongelukkig nie altyd van die Christendom gesê word nie. Miskien weet die Kerk die waarheid, maar verkies om nie daaroor te praat nie?!

Die feit dat *Easter* in Afrikaans as *Paasfees* vertaal word, het waarskynlik bygedra tot die siening dat dit dieselfde fees is. Ons het ook 'n geneigdheid om die oorlewering van mense as die waarheid te aanvaar sonder om dit self te ondersoek. Daarom is sekere gebruike en simbole nooit bevraagteken nie. Dit word meestal as onskuldig voorgehou en goedgekeur op grond van goeie bedoelings. Aangesien die Kerk dit nie veroordeel nie, beskou lidmate dit nie as verkeerd nie.

Dit is ook opvallend dat in die sekulêre media word dikwels artikels gepubliseer waar die oorsprong van *Easter*, en al die simbole en tradisies wat daarmee gepaardgaan, as afgodery uitgewys word. Enige een wat toegang

---

<sup>1</sup> <http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/02/DwalingPaasfees.pdf>

tot die internet het, sal 'n magdom inligting kan bekom wat hierdie feite bevestig.

Talle Christene sal ook gou wees om te verduidelik dat hulle geen deel het aan die simbole en gebruike wat met *Easter* verband hou nie. Die vraag is egter dan: Hoekom word Pesag (Paasfees) dan nie gedenk op die datum soos deur die Almagtige Skepper-God vasgestel is nie, maar op 'n datum soos gebruik was om die heidenfees *Easter* te gedenk?

Die Waarheid oor *Easter* is egter besig om aan die lig te kom. 'n Groeiende meerderheid besef die misleiding van *Easter* wat die ware Pesag besoedel het. Talle is besig om terug te keer en Pesag op 'n Skriftuurlike wyse te gedenk. Die vraag is egter: Wat doen die Kerk?

Wat se getuienis is die Christendom vir die wêreld indien die belangrikste van YHVH-God se feestye, naamlik Pesag (Paasfees) gevier word op 'n wyse wat simbole en praktyke van 'n heidenfees bevat en dan boonop op 'n datum van 'n eeuoues heidense fees? Verwag ons werklik dat die wêreld ons moet glo en hulle moet bekeer? Het dit nie tyd geword dat die Kerk selfondersoek moet doen om seker te maak dat geen heidense praktyke en simbole deel van Pesag (Paasfees) is nie?

Die feit dat *Easter* naas Kersfees een van die grootste jaarlikse kommersiële hoogtepunte is, is genoegsame bewys dat dit niks met Pesag te doen het nie. In monetêre waarde word biljoene jaarliks aan *Easter*-vieringe spandeer en word dit steeds, naas Kersfees, as die belangrikste van die Christenfeeste beskou. Sowat 80% van Christene vier Paasfees (*Easter*) deur kommersiël daaraan deel te neem met die koop van sjokolade hasies, *marshmallows*, *hot cross buns*, ensovoorts.

Geen wonder plaaslike winkelgroepe se advertensies vir winskopies lui dikwels: *Take the spirit of Easter home*. Is dit die boodskap van Pesag? Nee, natuurlik nie! Die vraag is egter wat doen jy en ek daaraan? Wat doen die Kerk daaraan? Wat doen ons om die ware boodskap en gees van Pesag te verkondig en te leef? Wat doen ons om die vals gees van *Easter* openbaar te maak en uit te werp?

Die Kerk is baie dankbaar vir Pesag (Paasfees). 'n Opregte dankbaarheid omdat Yeshua Messias vir ons sonde aan die kruis gesterf het en uit die dood opgestaan het. Die Kerk is egter ook dankbaar omrede baie mense vir die eerste keer na Kersfees weer hulle "verskyning" in die kerk maak. Dit is immers naas Kersfees nog 'n geleentheid om die evangelie aan mense te verkondig in die hoop dat hulle met brandende ywer "die Here sal dien". Sommige Kerke is ook dankbaar vir Paasfees omrede 'n groot gedeelte van hulle jaarlikse inkomste tydens hierdie feesvieringe ingesamel word.

Al hierdie dinge geskied met opregte bedoelings en weens 'n geestelike honger. Die feit is egter dat die ware Pesag van YHVH met 'n heidenfees

besoedel geraak het en daarom is goeie bedoelings nie goed genoeg nie. Ons moet die Vader in gees en waarheid dien (Joh. 4:23 en 24) en 'n heidenbesoedelde Pesag is nie die wyse om dit te doen nie!! Hoe kan ons die versoening wat Yeshua vir ons aan die kruis gedoen het met afgodery verbaster. Dit het tyd geword dat ons die ou suurdeeg verwyder sodat ons 'n nuwe onbesoedelde deeg kan wees wat Pesag gedenk op 'n wyse wat YHVH ons God en Vader en die vleesgeworde Woord, Yeshua Messias, waarlik verheerlik.

*Gooi die ou suurdeeg uit sodat julle 'n nuwe stuk deeg kan wees, soos wat julle eintlik ongesuurd is, want ons Pesaglam, Die Gesalfde Een, is vir ons geslag. 1 Kor. 5:7 (PWL Vertaling<sup>2</sup>)*

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalomgroete.  
Johan Kriel

**E-pos:** [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

**Webwerf:** <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*

---

<sup>2</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)